Bloemfontein

PLEASE RETURN TO LIBRARY DEPT. ANGLO AMERICAN CORPORATION OF S.A. LTD.

Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

[As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CLXIII.] PRYS 6d. PRETORIA, 16 MAART / 16 MARCH 1951. PRICE 6d. [No. 4560.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No.		BLADSY
	Wet.	
✱ 520.	Goedkeuring van die Goewerneur-generaal van Wet No. 3 van 1951: Wysigingswet op Algemene Lenings, 1951 (*B.S.* No. 4557).	
	Proklamasies.	
✱ 48.	Herroeping van Proklamasie No. 12 van 1913: Beskerming van Wild in die Transkeigebied	1
✱ 49.	Stadsgebied van Keiskamahoek: Aandklok	1
✱ 50.	Plannekommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van Naturellegebiede ...	1
✱ 51.	Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet: Geproklameerde Gebied van Fauresmith	2
✱ 52.	Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet: Geproklameerde Gebied van Steynsrust	2
✱ 53.	Verbod op die Vangs of Versteuring van Walvisse, Snoek en Oesters	3
✱ 54.	Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet: Wysiging van Geproklameerde Gebied van Krugersdorp	3
	Goewermentskennisgewings.	
	KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱ 598.	Voorlopige Erkenning as Vise-konsul van die Verenigde State van Amerika te Johannesburg	4
✱ 599.	Kennisgewing dat die Heer Johan Rohde nie meer as Erevise-konsul van Noorweë te Johannesburg optree nie	4
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
538.	Johannesburgse Effektebeurs: Wysiging van Reëls	4
✱ 600.	Korting van Reg ingevolge die Doeanewet	4
✱ 609.	Weeklikse Opgawe van die Suid-Afrikaanse Reserwebank	5
✱ 610.	Maandelikse Opgawe van die Suid-Afrikaanse Reserwebank	5
✱ 618.	Aanstelling van Lede in die Natalse Spaarsaamheidskomitee	6
✱ 619.	Sluiting van Oordragboeke	6
✱ 633.	Wysiging van Regulasies opgestel kragtens die Oorlogspensioenwet	6
	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:	
✱ 584.	Sittings van die Naturelle-hoërhof van Natal	6
✱ 585.	Rondgaande Hof: Tweede Oostelike Rondgaande Hof: Tweede Deel	7
✱ 586.	Rondgaande Hof: Harrismith	7
✱ 634.	Bepaling ingevolge die Drankwet: Distrik Postmasburg	7
✱ 635.	Aanstelling en Intrekking van Aanstellings as Vrederegters, ens.	8
✱ 636.	Aanstelling as Kommissarisse van Ede ...	9

B.S.=Buitengewone Staatskoerant.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No.		PAGE
	Act.	
✱ 520.	Governor-General's Assentment to Act No. 3 of 1951: General Loans Amendment Act, 1951 (*G.G.E.* No. 4557).	
	Proclamations.	
✱ 48.	Repeal of Proclamation No. 12 of 1913: Protection of Game in the Transkeian Territories	1
✱ 49.	Urban Area of Keiskamahoek: Curfew	1
✱ 50.	Planning Commission for the Socio-economic Development of the Native Areas	1
✱ 51.	Natives (Urban Areas) Consolidation Act: Proclaimed Area of Fauresmith ...	2
✱ 52.	Natives (Urban Areas) Consolidation Act: Proclaimed Area of Steynsrust ...	2
✱ 53.	Prohibition on the Catching or Disturbing of Whale, Snoek and Oysters	3
✱ 54.	Natives (Urban Areas) Consolidation Act: Amendment of Proclaimed Area of Krugersdorp	3
	Government Notices.	
	OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:	
✱ 598.	Provisional Recognition as Vice-Consul of the United States of America at Johannesburg	4
✱ 599.	Notice that Mr. Johan Rohde has ceased to Act as Honorary Vice-Consul of Norway at Johannesburg	4
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
538.	Johannesburg Stock Exchange: Amendment of Rules	4
✱ 600.	Rebate of Duty in terms of the Customs Act	4
✱ 609.	Weekly Statement of the South African Reserve Bank	5
✱ 610.	Monthly Statement of the South African Reserve Bank	5
✱ 618.	Appointment of Members on the Natal Thrift Committee	6
✱ 619.	Closing of Transfer Books	6
✱ 633.	Amendment to Regulations framed under the War Pensions Act	6
	DEPARTMENT OF JUSTICE:	
✱ 584.	Sittings of the Native High Court of Natal	6
✱ 585.	Circuit Court: Second Eastern Circuit: Second Portion	7
✱ 586.	Circuit Court: Harrismith	7
✱ 634.	Determination in terms of the Liquor Act: District of Postmasburg	7
✱ 635.	Appointment and Cancellation of Appointments as Justices of the Peace, etc. ...	8
✱ 636.	Appointments as Commissioners of Oaths	9

G.G.E.=Government Gazette Extraordinary.

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No		BLADSY
	DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS:	
* 602.	Wysiging van die Personeelregulasies vir Amptenare	11
* 603.	Wysiging van die Personeelregulasies vir Werksmanne	11
* 604.	Wysiging van die Personeelregulasies vir Werksmanne	11
* 605.	Wysiging van die Personeelregulasies vir Amptenare	12
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU:	
561.	Aansoeke om Brandmerke: Kaapprovinsie	12
* 631.	Inenting, Miltsiekte: Distrik Glen Grey en Distrikte in Transkei-naturellegebiede	13
	DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:	
* 575.	Maksimum Pryse van Kruideniersware: Mabela (*B.S.* No. 4559).	
* 576.	Maksimum Pryse van Sonneblomsaad (*B.S.* No. 4559).	
* 577.	Maksimum Pryse van Kruideniersware: Hawermout vir Ontbyt en Hawermeel (*B.S.* No. 4559).	
* 578.	Maksimum Pryse van Kunsmis (*B.S.* No. 4559).	
* 579.	Algemene Kennisgewing aan Invoerders: Verbruikbare Goedere en Onderhoudsonderdele (*B.S.* No. 4559).	
* 581.	Kennisgewing aan Invoerders van Blikkiesvleis (*B.S.* No. 4559).	
* 587.	Wysiging van die Regulasies op Mate en Gewigte	13
* 611.	Standaardmerk: Graad „A"-houtkissies vir Sagtevrugte	14
	DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:	
* 601.	Die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers: Magtiging van Veeartse ...	15
	DEPARTEMENT VAN VOLKWELSYN:	
* 620.	Huurraad van Warrenton: Regsgebied en Aanstelling van Lede	15
* 621.	Huurraad van Swellendam: Aanstelling van Lede	15
* 622.	Huurraad van Hertzogville: Aanstelling van Lede	15
* 623.	Huurraad van Potgietersrus: Aanstelling van Lede	15
* 624.	Huurraad van Uniondale: Aanstelling van Lede	16
* 625.	Huurraad van Knysna: Aanstelling van Plaasvervangende Lid	16
* 626.	Huurraad van Potchefstroom: Aanstelling van Plaasvervangende Lid	16
* 627.	Huurraad van Mount Frere: Instelling van Huurraad en Aanstelling van Lede	16
* 628.	Wysiging van Goewermentskennisgewing No. 380 van 16 Februarie 1951	16
	DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:	
* 588.	Aanstelling as Huweliksbevestigers	17
* 589.	Herroeping van Aanstellings as Huweliksbevestigers	17
* 590.	Aanstelling van Staatsamptenare as Huweliksbevestigers	18
* 606.	Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet: Aansoek om Registrasie: „The Eoan Group"	18
	DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING:	
* 612.	Wysiging van die Regulasies vir Verdedigingskietverenigings	19
* 613.	Wysiging van die Regulasies vir die Aktiewe Burgermag	19
* 614.	Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Reserwemag	19
	DEPARTEMENT VAN ARBEID:	
* 591.	Juweliers- en Goudsmedenywerheid: Voorgenome Voorskrywing van Bykomende Leervoorwaardes	20
* 592.	Komitee vir Vakleerlinge in die Bak- en Banketbaknywerheid en die Meubelnywerheid, Oranje-Vrystaat: Wysiging van Goewermentskennisgewing	22
* 593.	Intrekking van Registrasie van 'n Werkgewersorganisasie: „Pretoria Launderers' and Dry Cleaners' Association"	22

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

Government Notices (continued).

No.		PAGE
	DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS:	
* 602.	Amendment of the Officers' Staff Regulations	11
* 603.	Amendment of the Employees' Staff Regulations	11
* 604.	Amendment of the Employees' Staff Regulations	11
* 605.	Amendment of the Officers' Staff Regulations	12
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE:	
561.	Application for Brands: Cape Province	12
* 631.	Inoculation, Anthrax: Glen Grey District and Districts in Transkeian Native Territories	13
	DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:	
* 575.	Maximum Prices of Groceries: Mabela (*G.G.E.* No. 4559).	
* 576.	Maximum Prices of Sunflower Seeds (*G.G.E.* No. 4559).	
* 577.	Maximum Prices of Groceries: Breakfast Oats and Oatmeal (*G.G.E.* No. 4559).	
* 578.	Maximum Prices of Fertilizers (*G.G.E.* No. 4559).	
* 579.	General Notice to Importers: Consumable Stores and Maintenance Spares (*G.G.E.* No. 4559).	
* 581.	Notice to Importers of Tinned Meat (*G.G.E.* No. 4559).	
* 587.	Amendments of the Weights and Measures Regulations	13
* 611.	Standardization Mark: Grade "A" Wooden Boxes for Deciduous Fruit ...	14
	DEPARTMENT OF HEALTH:	
* 601.	Medical, Dental and Pharmacy Act: Authorisation of Veterinarians	15
	DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE:	
* 620.	Warrenton Rent Board: Area of Jurisdiction and Appointment of Members	15
* 621.	Swellendam Rent Board: Appointment of Members	15
* 622.	Hertzogville Rent Board: Appointment of Members	15
* 623.	Potgietersrust Rent Board: Appointment of Members	15
* 624.	Uniondale Rent Board: Appointment of Members	16
* 625.	Knysna Rent Board: Appointment of Alternate Member	16
* 626.	Potchefstroom Rent Board: Appointment of Alternate Member	16
* 627.	Mount Frere Rent Board: Constitution of Rent Board and Appointment of Members	16
* 628.	Amendment of Government Notice No. 380 of 16th February, 1951	16
	DEPARTMENT OF INTERIOR:	
* 588.	Appointment as Marriage Officers	17
* 589.	Revocation of Appointments of Marriage Officers	17
* 590.	Appointment of Public Officers as Marriage Officers	18
* 606.	Protection of Names, Uniforms and Badges Act: Application for Registration: The Eoan Group	18
	DEPARTMENT OF DEFENCE:	
* 612.	Amendment to the Regulations for Defence Rifle Associations	19
* 613.	Amendment to the Regulations for the Active Citizen Force	19
* 614.	Amendment to the Regulations for the South African Permanent Force	19
	DEPARTMENT OF LABOUR:	
* 591.	Jewellers' and Goldsmiths' Industry: Proposed Prescription of Additional Conditions of Apprenticeship	20
* 592.	Apprenticeship in the Baking and Confectionery and Furniture Industry, Orange Free State: Amendment of Government Notice	22
* 593.	Cancellation of Registration of an Employers' Organisation: "Pretoria Launderers' and Dry Cleaners' Association"	22

(Continued on inside back cover.)

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 48, 1951.]

HERROEPING VAN PROKLAMASIE No. 12 VAN 1913, BETREFFENDE DIE BESKERMING VAN WILD IN DIE TRANSKEIGEBIED.

Nademaal Ordonnansie No. 20 van 1950 van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, getitel die Ordonnansie op Beskerming van die Dierelewe, 1950, voorsiening maak vir die beskerming van die dierelewe in genoemde provinsie, met inbegrip van die Transkeigebied;

En nademaal dit gevolglik dienstig is om Proklamasie No. 12 van 1913 betreffende die beskerming van wild in die Transkeigebied te herroep;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid regtens my verleen, hierby verklaar dat Proklamasie No. 12 van 1913, soos gewysig by Proklamasie No. 67 van 1914, hierby herroep word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Veertiende dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 49, 1951.]

STADSGEBIED VAN KEISKAMAHOEK.—AANDKLOK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat geen naturel, hetsy mans- of vrouspersoon, wat nie kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (4) van genoemde artikel vrygestel is nie, met ingang van die datum van publikasie hiervan tussen die ure 10 nm. en 4 vm. op 'n publieke plek binne die gebied onder die beheer van die Stedelike Plaaslike Bestuur van Keiskamahoek mag wees nie tensy so'n naturel in besit is van 'n skriftelike permit wat onderteken is deur sy werkgewer of deur iemand wat deur so'n werkgewer gemagtig is om so'n permit aan so'n naturel uit te reik of deur iemand wat deur genoemde Stedelike Plaaslike Bestuur of die Minister gemagtig is om sulke permitte uit te reik of deur die bevelvoerder van 'n polisiekantoor in genoemde gebied.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 50, 1951.]

PLANNEKOMMISSIE VIR DIE SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE NATURELLEGEBIEDE BINNE DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *een* van die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), verklaar ek hierby dat die bepalings van voornoemde Wet van toepassing is op die Plannekommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Naturellegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, waarvan die aanstelling by Goewermentskennisgewing No. 2971 van 24 November 1950, bekendgemaak is.

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱No. 48, 1951.]

REPEAL OF PROCLAMATION No. 12 OF 1913, RELATING TO THE PROTECTION OF GAME IN THE TRANSKEIAN TERRITORIES.

Whereas by Ordinance No. 20 of 1950 of the Province of the Cape of Good Hope, entitled the Wild Life Protection Ordinance, 1950, provision is made for the protection of wild life in the said province, including the Transkeian Territories;

And, whereas it is consequently expedient to repeal Proclamation No. 12 of 1913, relating to the protection of game in the Transkeian Territories;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by law, I hereby declare that Proclamation No. 12 of 1913, as amended by Proclamation No. 67 of 1914, is hereby repealed.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Fourteenth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-one.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 49, 1951.]

URBAN AREA OF KEISKAMA HOEK.—CURFEW.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that from and after the date of promulgation hereof, no native, male or female, not being exempted under paragraph (*b*) of sub-section (4) of the said section, shall, between the hours of 10 p.m. and 4 a.m. be in any public place within the area controlled by the Urban Local Authority of Keiskama Hoek, unless such native be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorised by such employer to issue such permit to such native or by some person authorised by the said Urban Local Authority or the Minister to issue such permits or by the Officer-in-charge of any police station within such area.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-second day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-one.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 50, 1951.]

PLANNING COMMISSION FOR THE SOCIO-ECONOMIC DEVELOPMENT OF THE NATIVE AREAS WITHIN THE UNION OF SOUTH AFRICA.

Under the powers vested in me by section *one* of the Commissions Act, 1947 (Act No. 8 of 1947), I do hereby declare that the provisions of the aforesaid Act shall be applicable to the Planning Commission for the Socio-economic development of the Native Areas within the Union of South Africa, the appointment of which was notified by Government Notice No. 2971, dated 24th November, 1950.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
H. F. VERWOERD.

✱ No. 51, 1951.]
GEPROKLAMEERDE GEBIED FAURESMITH.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die stadsgebied Fauresmith met ingang van die eerste dag van April 1951, 'n gebied is wat aan die bepalings van genoemde artikel *drie-en-twintig* onderworpe is;

En verder gelas ek die stedelike plaaslike bestuur van Fauresmith om die bevoegdhede in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig* vermeld, met ingang van die eerste dag van April 1951, in die stadsgebied Fauresmith uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so'n werkgewer in diens is, deur my en nie deur die stedelike plaaslike bestuur van Fauresmith nie, uitgeoefen word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
H. F. VERWOERD.

✱ No. 52, 1951.]
GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN STEYNSRUST.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die stadsgebied van Steynsrust met ingang van die eerste dag van April 1951, 'n gebied is wat aan die bepalings van genoemde artikel *drie-en-twintig* onderworpe is;

En verder gelas ek die stedelike plaaslike bestuur van Steynsrust om die bevoegdhede genoem in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig*, met ingang van die eerste dag van April 1951, in genoemde gebied uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied na goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so'n werkgewer in diens is, deur my en nie deur die stedelike plaaslike bestuur van Steynsrust nie, uitgeoefen word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
H. F. VERWOERD.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-second day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-one.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
H. F. VERWOERD.

✱ No. 51, 1951.]
PROCLAIMED AREA OF FAURESMITH.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that with effect from the first day of April, 1951, the urban area of Fauresmith shall be an area subject to the provisions of the said section *twenty-three;*

And I do further require the urban local authority of Fauresmith to exercise with effect from the first day of April, 1951, within the urban area of Fauresmith the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three,* save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the said area and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authority of Fauresmith.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-second day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-one.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
H. F. VERWOERD.

✱ No. 52, 1951.]
PROCLAIMED AREA OF STEYNSRUST.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that with effect from the first day of April, 1951, the urban area of Steynsrust shall be an area subject to the provisions of the said section *twenty-three;*

And I do further require the urban local authority of Steynsrust to exercise with effect from the first day of April, 1951, within the urban area of Steynsrust the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three,* save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the said area and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authority of Steynsrust.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-second day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-one.

E. G. JANSEN.
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
H. F. VERWOERD.

✱ No. 53, 1951.]

WET OP SEEVISSERYE, 1940.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vier* van die Wet op Seevisserye, 1940 (Wet No. 10 van 1940), soos gewysig, verklaar ek hierby dat niemand op enige wyse of vir watter doel ook al die volgende mag vang of versteur nie—

(*a*) 'n eintlike walvis bekend as die „Atlantic right whale", „Arctic right whale", „Biscayan right whale", „bowhead", „great polar whale", Groenlandse eintlike walvis, Groenlandse walvis, Noordkaper, „North Atlantic right whale", „North Cape whale", „Pacific right whale", „pigmy right whale", „Southern pigmy right whale" of „Southern right whale" (*Balaena mysticetus*);

(*b*) snoek gedurende die tydperk van die eerste dag van Augustus tot die dertigste dag van November van elke jaar;

(*c*) (i) oesters, oesterskulpe, broeisel of kuit op die strand langs die kus in die afdelings Heidelberg Riversdal, Alexandria, Swellendam en Oos-Londen en in die afdeling Bredasdorp tussen die mond van die Uilenkraalrivier (Uilenkraalmond) en Quoinpunt, en in die aangrensende territoriale waters; en

(ii) oesters, oesterskulpe, broeisel of kuit in enige ander gebied gedurende die tydperk van die eerste dag van Januarie tot die agt-en-twintigste dag van Februarie en die eerste dag van November tot die een-en-dertigste dag van Desember van elke jaar; of

(*d*) perlemoen en gapermossels en hul skulpe, broeisel of kuit op die strand langs die kus in die afdeling Oos-Londen en in die aangrensende territoriale waters; met dien verstande dat perlemoen of gapermossels deur *bona fide* hengelaars geneem mag word slegs vir gebruik as aas.

Die bepalings van paragrawe (*a*) en (*b*) van hierdie proklamasie is, ten opsigte van enigeen op enige boot of vaartuig wat gelisensieer is of gelisensieer moet word ingevolge genoemde Wet op Seevisserye, 1940, ook van toepassing buite die territoriale waters van die Unie.

Proklamasie No. 202 van 1946 word hierby herroep.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Drie-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

E. H. LOUW.

✱ No. 54, 1951.]

WYSIGING VAN GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN KRUGERSDORP.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die Bylae van Proklamasie No. 263 van 1949 hierby gewysig word deur byvoeging van die plaas Driefontein No. 81 by die geproklameerde gebied van Krugersdorp soos in bogenoemde Bylae omskryf.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 53, 1951.]

SEA FISHERIES ACT, 1940.

Under the powers vested in me by section *four* of the Sea Fisheries Act, 1940 (Act No. 10 of 1940), as amended, I hereby declare that no person shall, in any manner or for any purpose whatsoever, catch or disturb—

(*a*) any right whale known by the name of Atlantic right whale, Arctic right whale, Biscayan right whale, bowhead, great polar whale, Greenland right whale, Greenland whale, Nordkaper, North Atlantic right whale, North Cape whale, Pacific right whale, pigmy right whale, Southern pigmy right whale or Southern right whale (*Balaena mysticetus*);

(*b*) Snoek during the period from the fist day of August to the thirtieth day of November in each year;

(*c*) (i) oysters, oyster shells, brood or spawn on the seashore along the coast in the Divisions of Heidelberg, Riversdale, Alexandria, Swellendam and East London, and in the Division of Bredasdorp between the mouth of the Uilen Kraal River (Uilenkraalmond) and Quoin Point, and in the adjoining territorial waters; and

(ii) oysters, oyster shells, brood or spawn in any other area during the periods from the first day of January to the twenty-eighth day of February and the first day of November to the thirty-first day of December in any year; or

(*d*) abalone (perlemoen) and clams and their shells, brood or spawn on the seashore along the coast in the Division of East London, and in the adjoining territorial waters: Provided, however, that abalone (perlemoen), or clams may be taken by bona fide anglers for use solely as bait.

The provisions of paragraphs (*a*) and (*b*) of this Proclamation shall, in respect of any person upon any boat or vessel licensed or required to be licensed under the said Sea Fisheries Act, 1940, extend beyond the territorial waters of the Union.

Proclamation No. 202 of 1946 is hereby repealed.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-third day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-one.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

E. H. LOUW.

✱ No. 54, 1951.]

AMENDMENT OF THE PROCLAIMED AREA OF KRUGERSDORP.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that the Schedule to Proclamation No. 263 of 1949, is hereby amended by the addition of the farm Driefontein No. 81 to the proclaimed area of Krugersdorp as defined in the above-mentioned Schedule.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-second day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-one.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

* No. 598.] [16 Maart 1951.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die voorlopige erkenning van die heer Ben A. Thirkield as Vise-konsul van die Verenigde State van Amerika te Johannesburg.

* No. 599.] [16 Maart 1951

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 349 van 25 Februarie 1949, word hierby bekendgemaak dat die heer Johan Bugge Rohde nie meer as Erevise-konsul van Noorweë te Johannesburg optree nie.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 538.] [9 Maart 1951.

KENNISGEWING IN SAKE WYSIGING VAN REËLS VAN 'N GELISENSIEERDE EFFEKTEBEURS.

JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS.

Ingevolge die bepalings van subartikels (3) en (4) van artikel *drie* soos by subartikel (2) van artikel *agt* van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947, (Wet No. 7 van 1947) toegepas, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat 'n aansoek om goedkeuring kragtens subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet van sekere veranderings van en byvoegings tot die reëls van genoemde Beurs deur die Minister van Finansies van die Johannesburgse Effektebeurs ontvang is.

Die voorgestelde veranderings van en byvoegings tot die reëls lê vir enige lid van die publiek ter insae in die kantore van die Ontvangers van Inkomste in Johannesburg, Kaapstad, Durban en Bloemfontein.

Alle belanghebbende persone wat teen genoemde veranderings en byvoegings beswaar wil maak, word hierby versoek om hul besware, met opgawe van die redes daarvoor, skriftelik by die Minister van Finansies voor of op 6 April 1951 in te dien.

—9-16-22

* No. 600.] [16 Maart 1951.

KORTING VAN REG INGEVOLGE DIE DOEANE-WET, No. 35 VAN 1944.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 2069 VAN 8 DESEMBER 1944, SOOS GEWYSIG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Finansies, kragtens subartikel (2) (*d*) van artikel *ses-en-negentig* van die Doeanewet, No. 35 van 1944, die volgende byvoeging tot paragraaf 1 van Deel IV van die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2069 van 8 Desember 1944, soos gewysig, goedgekeur het:—

„(36) *Tekstielnywerheid.*

(*a*) Gare, behalwe wol- of kamgare, vir gebruik by die vervaardiging van geweefde stowwe.

(*b*) Gare vir gebruik by die vervaardiging van gebreide stowwe.

(*c*) Gare en rubberdraad (beklee of onbeklee) vir gebruik by die vervaardiging van bandmateriaal, bindmateriaal, koord, elastiek, etikette, lint, strokies, band, weefselband en dergelike smal weefstowwe ".

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om 'n korting van doeanereg tot die bedrag van die intermediêre reg toe te staan op die betrokke artikels wat deur geregistreerde vervaardigers vir gebruik in gemelde nywerheid vir genoemde doel ingevoer of uit entrepôt gelos word.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

* No. 598.] [16 March 1951.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of provisional recognition to Mr. Ben A. Thirkield as Vice-Consul of the United States of America at Johannesburg.

* No. 599.] [16 March 1951.

With reference to Government Notice No. 349 of the 25th February, 1949, it is hereby notified that Mr. Johan Bugge Rohde has ceased to act as Honorary Vice-Consul of Norway at Johannesburg.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 538.] [9 March 1951.

NOTICE REGARDING AMENDMENT OF RULES OF A LICENSED STOCK EXCHANGE.

JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE.

In accordance with the provisions of sub-sections (3) and (4) of section *three*, as applied by sub-section (2) of section *eight*, of the Stock Exchange Control Act, 1947, (Act No. 7 of 1947) it is hereby notified for general information that an application has been received by the Minister of Finance from the Johannesburg Stock Exchange for his approval, in terms of sub-section (1) of section *eight* of the Act, of certain alterations of and additions to the Rules of the said Exchange.

The proposed alterations of and additions to the Rules lie open for inspection by any member of the public at the offices of the Receivers of Revenue at Johannesburg, Cape Town, Durban and Bloemfontein.

All interested persons who have any objections to the said alterations and additions are hereby called upon to lodge their objections, with a statement of their reasons for such objections, in writing with the Minister of Finance, on or before the 6th April, 1951.

9-16-22

* No. 600.] [16 March 1951.

REBATE OF DUTY IN TERMS OF THE CUSTOMS ACT, No. 35 OF 1944.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 2069 OF 8TH DECEMBER, 1944, AS AMENDED.

It is notified for general information that the Minister of Finance, in terms of sub-section (2) (*d*) of section *ninety-six* of the Customs Act, No. 35 of 1944, has approved of the following addition to paragraph 1 of Part IV of the Schedule to Government Notice No. 2069 of the 8th December, 1944, as amended:—

"(36) *Textile Industry.*

(*a*) Yarns, other than woollen or worsted, for use in the manufacture of woven fabrics.

(*b*) Yarns for use in the manufacture of knitted fabrics.

(*c*) Yarns and rubber thread (covered or uncovered) for use in the manufacture of banding, bindings, braid, elastic, labels, ribbon, tabs, tape, webbing and similar narrow loom fabrics."

NOTE.—The effect of this Notice is to provide for a rebate of duty to the extent of the intermediate duty on the articles referred to when imported or taken out of bond by registered manufacturers for use in the specified industry for the purpose stated.

*No. 609.] [16 Maart 1951.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 2de dag van Maart 1951.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,335,264	6	7
Note in omloop	72,766,609	5	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	50,410,944	10	5
(*b*) Bankiers	60,263,187	3	10
(*c*) Andere	3,366,724	1	11
Wissels te betaal	—		
Ander laste	11,970,757	8	10
	£202,113,486	16	7

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons) waarvan £12,310,918. 0s. 7d. buite die Unie gehou word	72,208,588	13	9
Pasmunt	341,538	2	11
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	1,063,036	8	7
(*b*) Buitelandse	93,991,921	1	0
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	6,065,295	15	10
Regeringsekuriteite	18,441,870	16	6
Ander Sekuriteite	225,074	0	0
Ander Bates	9,776,161	18	0
	£202,113,486	16	7

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 77·9 persent.
Geteken, die 7de dag van Maart 1951.

L. J. COCKHEAD, Hoofkassier.

*No. 609.] [16 March, 1951.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 2nd day of March, 1951.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,335,264	6	7
Notes in Circulation	72,766,609	5	0
Deposits:			
(*a*) Government	50,410,944	10	5
(*b*) Bankers	60,263,187	3	10
(*c*) Other	3,366,724	1	11
Bills Payable	—		
Other Liabilities	11,970,757	8	10
	£202,113,486	16	7

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £12,310,918. 0s. 7d held outside Union	72,208,588	13	9
Subsidiary Coin	341,538	2	11
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	1,063,036	8	7
(*b*) Foreign	93,991,921	1	0
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	6,065,295	15	10
Government Securities	18,441,870	16	6
Other Securities	225,074	0	0
Other Assets	9,776,161	18	0
	£202,113,486	16	7

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 77·9 per cent.
Signed, this 7th day of March, 1951.

L. J. COCKHEAD, Chief Cashier.

*No. 610.] [16 Maart 1951.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944 van die Laste en Bates op die 28ste dag van Februarie 1951.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,335,264	6	7
Note in omloop	72,908,825	5	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	50,043,792	9	11
(*b*) Bankiers	59,053,448	11	0
(*c*) Andere	4,740,265	9	5
Wissels te betaal	—		
Ander laste	11,205,264	15	7
	£201,286,860	17	6

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons) waarvan £12,310,918. 0s. 7d. buite die Unie gehou word	73,561,094	0	2
Pasmunt	356,471	2	3
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	1,127,530	10	1
(*b*) Buitelandse	93,992,149	12	8
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	6,042,284	9	9
Regeringsekuriteite	18,441,870	16	6
Ander Sekuriteite	225,074	0	0
Ander Bates	7,540,386	6	1
	£201,286,860	17	6

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 78·2 persent.
Geteken, die 7de dag van Maart 1951.

L. J. COCKHEAD, Hoofkassier.

*No. 610.] [16 March, 1951.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 28th day of February, 1951.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,335,264	6	7
Notes in Circulation	72,908,825	5	0
Deposits:			
(*a*) Government	50,043,792	9	11
(*b*) Bankers	59,053,448	11	0
(*c*) Other	4,740,265	9	5
Bills Payable	—		
Other Liabilities	11,205,264	15	7
	£201,286,860	17	6

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £12,310,918. 0s. 7d. held outside Union.	73,561,094	0	2
Subsidiary Coin	356,471	2	3
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	1,127,530	10	1
(*b*) Foreign	93,992,149	12	8
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	6,042,284	9	9
Government Securities	18,441,870	16	6
Other Securities	225,074	0	0
Other Assets	7,540,386	6	1
	£201,286,860	17	6

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 78·2 per cent.
Signed, this 7th day of March, 1951

L. J. COCKHEAD, Chief Cashier.

✱ No. 618.] [16 Maart 1951.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat onderstaande persone die aanstelling vir vrywillige diens in die Natalse Spaarsaamheidskomitee aangeneem het:—

Mnr. G. B. Chambers.
Mnr. J. Bollaert.

✱ No. 619.] [16 Maart 1951.

Hierby word bekendgemaak dat die Oordragboeke van die Plaaslik Geregistreerde Effekte van 3½ persent, 12 jaar-lening (Spaareffekte-uitgifte) van 1 April 1951 tot en met 1 Mei 1951 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 Mei 1951, aan die effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die Oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

✱ No. 633.] [16 Maart 1951.

WYSIGING VAN REGULASIES OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *SES-EN-DERTIG* VAN DIE OORLOGSPENSIOENWET, 1942, EN AFGEKONDIG BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 2407 VAN 15 NOVEMBER 1946.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van die regulasies opgestel kragtens die bepalings van artikel *ses-en-dertig* van die Oorlogspensioenwet, 1942 (Wet No. 44 van 1942), en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2407 van 15 November 1946:—

Deur die woord „Drie" in paragraaf (*b*) van regulasie 5 te skrap en deur die woord „Twee" te vervang.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✱ No. 584.] [16 Maart 1951.

Ingevolge reël 41 van die reëls van die Naturelle Hoërhof, Provinsie van Natal, word hiermee kennis gegee dat die Hof op die volgende datums en plekke sal sittings neem:—

1. *Die volle Hof vir die verhoor van kriminele sake van 'n aard wat tot doodvonnisse kan lei of andersins:—*
   2 April 1951: Durban, Kus en Soeloeland distrikte.
   4 April 1951: Noordelike distrikte.
   1 Mei 1951: Durban, Kus en Soeloeland distrikte.
   7 Mei 1951: Pietermaritsburg en Sentrale distrikte.
   1 Junie 1951: Durban, Kus en Soeloeland distrikte.
2. *Vir verhoor van kriminele sake voor 'n enkel regter:—*
   3 April 1951: Pietermaritzburg en Sentrale distrikte.
   23 April 1951: Durban, Kus en Soeloeland distrikte.
   1 Mei 1951: Durban, Kus en Soeloeland distrikte.
   1 Junie 1951: Durban, Kus en Soeloeland distrikte.
   5 Junie 1951: Noordelike distrikte.

F. E. FOUCHÉ,
Griffier, Naturelle Hoërhof.

Pietermaritzburg,
3 Maart 1951.

✱ No. 618.] [16 March 1951.

It is hereby notified for general information that the undermentioned persons have accepted appointment for voluntary service on the Natal Thrift Committee:—

Mr. G. B. Chambers.
Mr. J. Bollaert.

✱ No. 619.] [16 March 1951.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the 3¼ Per Cent. Local Registered Stock, 12 Year Loan (Savings Bond Issue) will be closed from the 1st April, 1951, to the 1st May, 1951, both days inclusive, and that the dividend due on the 1st May, 1951, will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books.

✱ No. 633.] [16 March 1951.

AMENDMENT TO THE REGULATIONS FRAMED IN TERMS OF SECTION *THIRTY-SIX* OF THE WAR PENSIONS ACT, 1942, AND PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 2407 OF THE 15TH NOVEMBER, 1946.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the following amendment to the regulations framed in terms of section *thirty-six* of the War Pensions Act, 1942 (Act No. 44 of 1942), and published by Government Notice No. 2407 of the 15th November, 1946:—

By the deletion of the word "Three" in paragraph (*b*) of regulation 5 and the substitution therefor of the word "Two".

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 584.] [16 March 1951.

Notice is hereby given in terms of rule 41 of the rules of the Native High Court of Natal that the Court will sit as follows:—

1. *The full Court for the trial of criminal cases of a capital nature or otherwise:—*
   2nd April, 1951: Durban, Coast and Zululand Districts.
   4th April, 1951: Northern Districts.
   1st May, 1951: Durban, Coast and Zululand Districts.
   7th May, 1951: Pietermaritzburg and Midlands Districts.
   1st June, 1951: Durban, Coast and Zululand Districts.
2. *For the trial of criminal cases before a single judge:—*
   3rd April, 1951: Pietermaritzburg and Midlands Districts.
   23rd April, 1951: Durban Coast and Zululand Districts.
   1st May, 1951: Durban, Coast and Zululand Districts.
   1st June, 1951: Durban, Coast and Zululand Districts.
   5th June, 1951: Northern Districts.

F. E. FOUCHÉ,
Registrar, Native High Court.

Pietermaritzburg,
3rd March, 1951.

✱ No. 585.] [16 Maart 1951.

TWEEDE OOSTELIKE RONDGAANDE HOF (TWEEDE DEEL).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie* en *vier* van die „Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance", 1903 (Ordonnansie No. 10 van 1903, Transvaal), soos gewysig, by artikel *agt* (4) van Wet No. 54 van 1949, maak ek hierby bekend dat sittings van bogenoemde hof vir die distrikte Bethal, Ermelo, Piet Retief, Volksrust, met inbegrip van Amersfoort en Wakkerstroom, Standerton, Heidelberg en Vereeniging, gehou sal word.

En verder beveel en gelas ek dat genoemde rondgaande howe sittings moet hou op die dorpe en op die datums en ure in bygaande Bylae vermeld; met dien verstande dat, ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om die sittings van rondgaande howe op enigeen van genoemde plekke op die datum wat vir dié doel vasgestel is, te open, so'n sitting van die rondgaande hof geopen moet word op die dag waarop die Regter op so'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

G. J. MARITZ,
Regter-President,
(Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika).

BYLAE.

Bethal, 9.30 vm., Saterdag, 17 Maart 1951.
Ermelo, 9.30 vm., Woensdag, 21 Maart 1951.
Piet Retief, 9.30 vm., Woensdag, 28 Maart 1951.
Volksrust, 9.30 vm., Vrydag, 30 Maart 1951.
Standerton, 9.30 vm., Maandag, 2 April 1951.
Heidelberg, 9.30 vm., Woensdag, 4 April 1951.
Vereeniging, 9.30 vm., Maandag, 9 April 1951.

✱ No. 586.] [16 Maart 1951.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt* van Wet No. 54 van 1949, verklaar ek hierby dat 'n sitting van die Rondgaande Hof van Dinsdag, 27 Maart 1951 af, te Harrismith vir die distrik Harrismith in die Provinsie Oranje-Vrystaat gehou sal word.

E. M. DE BEER,
Regter-president van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Provinsiale Afdeling Oranje-Vrystaat.

A. P. HAVENGA,
Griffier.

✱ No. 634.] [16 Maart 1951.

BEPALING INGEVOLGE ARTIKEL *EEN-EN-TAGTIG* (1) VAN DIE DRANKWET, 1928.

Ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie vir die Unie van Suid-Afrika, handelende ingevolge artikel *een-en-tagtig* (2) van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), soos gewysig, gee hierby kennis dat die Lisensieraad vir die distrik Postmasburg bepaal het dat die voorwaarde in die Bylae hiervan vervat, met betrekking tot die verskaffing van drank aan Asiate, kleurlinge en naturelle, op alle lisensies in genoemde distrik van toepassing is.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

BYLAE.

Buiteverbruik.	
(*a*) Ure van verkoop.....	(i) Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydae: 10 vm. tot 5 nm. (ii) Woensdae en Saterdae: 10 vm. tot 1 nm.
(*b*) Beperking op hoeveelhede.....	(i) Geesryke drank—beperk tot een beweerde kwart per week per persoon. (ii) Wyn en bier—beperk tot een beweerde kwart wyn en een beweerde kwart bier per persoon per dag.

✱ No. 585.] [16 March 1951.

SECOND EASTERN CIRCUIT.—SECOND PORTION.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *three* and *four* of the Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal), as amended by section *eight* (4) of Act No. 54 of 1949, I do hereby give notice that the above court will be held for the Districts of Bethal, Ermelo, Piet Retief, Volksrust including Amersfoort and Wakkerstroom, Standerton, Heidelberg and Vereeniging.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Courts shall be holden in the towns and on the dates and at the times set forth in the Schedule hereto provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Courts at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

G. J. MARITZ,
Judge President,
(Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa.)

SCHEDULE.

Bethal, 9.30 a.m., Saturday, 17th March, 1951.
Ermelo, 9.30 a.m., Wednesday, 21st March, 1951.
Piet Retief, 9.30 a.m., Wednesday, 28th March, 1951.
Volksrust, 9.30 a.m., Friday, 30th March, 1951.
Standerton, 9.30 a.m., Monday, 2nd April, 1951.
Heidelberg, 9.30 a.m., Wednesday, 4th April, 1951.
Vereeniging, 9.30 a.m., Monday, 9th April, 1951.

✱ No. 586.] [16 March 1951.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *eight* of Act No. 54 of 1949, I hereby declare that a Circuit Court will be held at Harrismith for the District of Harrismith, in the Province of the Orange Free State, commencing on Tuesday the 27th day of March, 1951.

E. M. DE BEER,
Judge President of the Supreme Court of South Africa, Orange Free State Provincial Division.

A. P. HAVENGA,
Registrar.

✱ No. 634.] [16 March 1951.

DETERMINATION MADE IN TERMS OF SECTION *EIGHTY-ONE* (1) OF THE LIQUOR ACT, 1928.

I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice for the Union of South Africa, acting in terms of section *eighty-one* (2) of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), as amended, hereby give notice that the Licensing Board for the District of Postmasburg has determined that the condition set forth in the Annexure hereto shall apply to all licences in the said district, in regard to the supply of liquor to Asiatics, coloured persons and natives.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

ANNEXURE.

Off-consumption.	
(*a*) Hours of sale.....	(i) Mondays, Tuesdays, Thursdays and Fridays: 10 a.m. to 5 p.m. (ii) Wednesdays and Saturdays: 10 a.m. to 1 p.m.
(*b*) Restriction as to quantities.....	(i) Spirituous liquor—limited to one reputed quart per week per person. (ii) Wine and Malt—limited to one reputed quart of wine and one reputed quart of malt per person per day.

✱ No. 635.] [16 Maart 1951.

AANSTELLING EN INTREKKING VAN AANSTELLINGS AS VREDEREGTERS.

Hierby word, ingevolge subartikel (2) van artikel *twee* van Wet No. 16 van 1914, soos gewysig, bekendgemaak (1) dat die Minister van Justisie, kragtens subartikel (1) van artikel *twee* van genoemde Wet, die persone genoem in Deel I van onderstaande Bylae, as vrederegters, vir solank dit hom behaag, vir die wyke teenoor hulle name gemeld, aangestel het, en (2) dat die aanstellings as vrederegters van die persone genoem in Deel II van genoemde Bylae, ingetrek is.

BYLAE.

DEEL I.

Distrik.	*Wyk.*	*Naam.*	*Adres.*
Barkly-Wes	Blikfontein	Francois Alwyn van Heerden	Progress, Ps. Progress Halt, oor Koopmansfontein.
Belfast	Dullstroom	Gerrit Smit	Pk. Dullstroom.
Belfast	Dullstroom	Diederik Johannes Swanepoel	Pk. Dullstroom.
Boshof	Dealesville	Jacobus Gerhardus Claassen	Bankfontein No. 150, Prisak X31, oor Bloemfontein.
Boshof	Dealesville	Theunis Lodewikus Fourie	Kareenek No. 715, Pk. Soutpan.
Boshof	Dealesville	Abraham Jacobus Johannes van der Merwe	Vooruitzicht No. 365, Pk. Dealesville.
Bredasdorp	Bredasdorp	Jan Andries du Toit	Van der Bylstraat, Bredasdorp.
Bredasdorp	Bredasdorp	Frederik Ryk Loedolf Neethling (Jr.)	Goede Hoop, Pk. Bredasdorp.
Bredasdorp	Bredasdorp	Petrus Jacobus Crafford	Struisbaai, Pk. Bredasdorp.
Carolina	Komatirivier	Frederick Milton William Bodington	Bestuurder se woning, Mamre, Goudmyn, Pk. Slaaihoek.
Delareyville	Sannieshof	David Johannes van Niekerk	Kleinzoutpan, Pk. Deelpan.
Herbert	Campbell	Johannes Hendrik Schreuder	Witput, Pk. Campbell.
Kimberley	Slypklip	Cornelius Alwyn Botha	Bothaspoort, Pk. Windsortonweg.
Kimberley	Slypklip	Charles Allan Arnold McLean	Hillcrest, Pk. Rivertonspoor.
Molteno	No. 4	Pieter Willem Coetzer (Jr.)	Valdai Hills, Pk. Molteno.
Piet Retief	Piet Retief	Franz Wilhelm Meier	Kiel, Pk. Panbult.
Reddersburg	Bulsberg	David Schalk Maartens	Misgunsfontein, Pk. Reddersburg.
Smithfield	Carmel	Abram Andries le Roux	Klopperspruit, Pk. Tampasfontein.
Wakkerstroom	Dirkiesdorp	Jan Uys Blignault	Vaalbank, Dirkiesdorp.
Wakkerstroom	Dirkiesdorp	William Duncan Gillespie	Heyshope, Pk. Idalia.

DEEL II.

Distrik.	*Wyk.*	*Naam.*	*Rede.*
Barkly-Wes	Pniel	Minett Donald MacKay	Wyk verlaat.
Belfast	Dullstroom	Jan Hendrik Smit	Verlaat distrik en bedank.
Boshof	Dealesville	Johannes Wilhelmus van der Westhuizen	Verandering van distriksgrens.
Boshof	Dealesville	Willem Odendaal	Distrik verlaat.
Boshof	Dealesville	Alexander Hendrik Jacobus Viviers	Verandering van distriksgrens.
Bredasdorp	Bredasdorp	Daniel Jacobus Lamprechts	Distrik verlaat.
